

GRAAD 8: GEDIG**uit: AFRIKAANS SONDER GRENSE BL. 69****Rekenaarspeletjie****Jo van Rooyen**

- | | |
|----|---------------------------------------|
| 1 | As ek mooi vra en Oupa sê ja, |
| 2 | mag ek my stoel na sy rekenaar dra. |
| 3 | Dan, ou maatjie, glo vir my, |
| 4 | sal niks my van daardie stoel afkry. |
| 5 | Ek glip die CD in sy plek, |
| 6 | nou is ek reg vir pret. |
| 7 | Ek korrel en klik en tik |
| 8 | die pyltjie heen en weer |
| 9 | want die skelm op die rekenaarskerm |
| 10 | moet ek met die pyltjie keer. |
| 11 | Op en af en heen en weer, |
| 12 | dié kant en daai kant en nog 'n keer. |
| 13 | So veg ek en daardie skelm |
| 14 | heeldag op die rekenaarskerm. |
| 15 | Tot Ouma roep en my sussie vies kerm: |
| 16 | “Kom speel!” |



BESPREKING	
<p>Titel: Denotatiewe/letterlike betekenis verwys na 'n rekenaarspeletjie.</p> <p>Tema: Die kinders word vasgevang deur moderne tegnologie en skeep sodoende hul familie af.</p> <p>Karakters: Daar is vier karakter: Die oupa en ouma. Die seun en sy sussie</p> <p>Agtergrond: By hul voorouers se huis. Moontlik in die oupa se studeerkamer.</p>	
VRYE VERS	
<ul style="list-style-type: none"> • Langer as 14 reëls. • Gebroke rymskema. 	
Rekenaarspeletjie	
	DENOTATIEF: Vewys letterlik na die speletjie wat die seun geniet om te speel.
1	<p>As ek mooi vra en Oupa sê ja,</p> <p>Daar is 'n voorwaarde: Die woord "As" –Die rekenaar behoort aan sy oupa. Die seuntjie moet mooi vra/soebat anders sê sy oupa nee./weier sy oupa.</p>
2	ALLITERASIE (halfrym): <u>mag</u> en <u>my</u> / <u>stoel</u> na <u>sy</u> :
3	<p>Dan, ou maatjie, glo vir my,</p> <p>Dan, (komma) pouse word geskep wat soms as uitheffingstegniek dien. Hy spreek sy vriend aan. "Ou maatjie" is die aangesprokene. Die woord "ou" sê vir ons dat hy en die maatjie mekaar lank ken.</p> <p>APOSTROOF: Wanneer die spreker met iemand praat in sy/haar afwesigheid.</p>
4	<p>sal niks my van daardie stoel afkry.</p> <p>Dit bewys dat hy vasgevang gaan word in die speletjie. Hy sien daarna uit om urelank te speel.</p>
5	<p>Ek glip die CD in sy plek,</p> <p>Ek- Ek-spreker./Eerstepersoonspreker Een van die karakters is aan die woord en vnw. soos "ek" en myne" word gebruik. Die verteller betrek die leser by sy gevoelens.</p>
6	<p>nou is ek reg vir pret.</p> <p>Nou- verwys na tyd: Teenwoordige tyd. Hy weet hy gaan die speletjie geniet. Hy sien daarna uit.</p>
7	<p>Ek korrel <u>en</u> klik <u>en</u> tik</p> <p>ALLITERASIE: <u>korrel</u> en <u>klik</u> en <u>tik</u> ASSONANSIE: Klik en <u>tik</u>:</p>